# PASTORALE BRIEF

# SEPTEMBER 2022

NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

## Prediker(i): Sin in die lewe

"Ek het alles wat in hierdie wêreld gebeur, bekyk: alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind. Wat krom is, kan nie reguit word nie; wat nie daar is nie, kan nie getel word nie." Prediker 1:14-15

Die Psalmboek, Spreuke, Prediker en Hooglied is die wysheidsboeke van die Ou Testament. Ons het vanjaar al deur die Spreukeboek gelees, maar vandag kom ons by die een wat mense gewoonlik eerder vermy: Prediker. Want hoe jy ook al daarna kyk, dit klink darem alles baie morbied! Alles is net 'n gejaag na wind, sê die Prediker. Alles kom tot niks.

Jy ken die man wat hier aan die woord is, natuurlik baie goed. Dis mos Salomo, die seun van Dawid. Hy was skatryk, en in die posisie om alles te beproef wat vir hom lekker gelyk het – en dis presies wat hy gedoen het! Maar op die ou end gebeur die onafwendbare: Salomo raak verveeld met alles wat sy rykdom en lekker lewe in die paleis hom bied. Selfs met al sy baie vroue, voel die lewe vir Salomo leeg en sinneloos.

Dit laat ons vierspoor vassteek. Want ons weet mos dat Salomo 'n gelowige was. En onwillekeurig wonder ek wat jy vandag vir broer Salomo sou sê as hy met dié storie by jou sou aankom? Wat is die antwoord? Wat is dit, wat maak dat jou lewe nie 'n leë gejaag na wind is nie, maar dat dit 'n lewe is wat die moeite werd is om geleef te word?

Wat gee jou lewe sin? Wat maak dat as jy vandag vir oulaas sou terugkyk oor jou lewe, jy sou sê: dit was tog alles die moeite werd? Ek gaan dit nie vir jou maklik maak en sommer net die antwoord in jou mond lê nie. Ek dink jy moet dit self antwoord. Volgende maand gaan ons dan luister as Salomo op die ou end *self* by 'n antwoord uitkom...